Die WKTK het nougeset gewerk om die Ministerie oor taalkwessies in die provinsie te adviseer. Taal is 'n integrale deel van identiteit en kultuur en daarom word die Komitee se insette as uiters waardevol beskou, aangesien die Komitee die gemeenskap dien en daarna streef om groter geleenthede vir maatskaplike inklusiwiteit te skep, asook om toegang tot dienste van die Wes-Kaapse Regering te verbeter. Hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) het ten doel om uitvoering te gee aan die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998, en die Wes-Kaapse Taalbeleid. Dit bevat ook 'n uiteensetting van die maatreëls wat in plek gesit is om die WKTK se strategiese doelstellings en visie te bereik, om diegene wat die Wes-Kaap as hul tuiste beskou deur taal te bemagtig, om menswaardigheid deur wedersydse respek vir taal te verbeter, en om veeltaligheid te bevorder.

Hierdie plan sit vir die WKTK doelwitte uiteen en verseker dat beide die Komitee en die Departement 'n riglyn het om hierdie doelwitte in die komende jaar te bereik. Insette van gemeenskappe, personeel, eksterne belanghebbendes en strategiese vennote is gebruik om hierdie plan saam te stel om te verseker dat dit so omvattend as moontlik is en spreek tot die werk wat deur die WKTK gedoen word.

Ek sal voortgaan om politieke leiding te verskaf om te verseker dat die strategiese visie van 'n maatskaplik inklusiewe, aktiewe en gebonde Wes-Kaap bereik word. Deur die voortgesette werk van die WKTK sal ons 'n omgewing skep wat maatskaplike insluiting aanwakker en waar taal nie 'n hindernis vir kommunikasie of die lewering van basiese dienste is nie.



Anroux Marais
Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaapse
Taalkomitee
Maart 2023

VERKLARING DEUR REKENPLIGTIGE GESAG

Die Wes-Kaapse Taalbeleid bepleit die bemagtiging van alle mense in die Wes-Kaap deur taal, die verbetering van menswaardigheid deur wedersydse respek vir taal en die bevordering van veeltaligheid. Die volgehoue ontwikkeling, bevordering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid wakker maatskaplike samehorigheid asook die implementering van die Wes-Kaap se taalwerklikhede aan. Daarby streef die Komitee daarna om kennis te verbreed deur met belangrike rolspelers soos die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) te werk om gebaretaal vir dowes en die taal van inheemse gemeenskappe te bevorder deur vennootskappe met kennisdraende generasies.

Om te voldoen aan die spesifieke aanwysers van die WKTK se JPP 2023/24, sal die Komitee voortgaan om verhoudings te bou en te versterk met verskeie rolspelers om veeltaligheid en maatskaplike samehorigheid deur taal voor te staan. Die nuutgevormde Komitee het 'n gladde oorgang gehad deur aktief deel te neem aan verskeie taalprojekte, soos die vertaling van die Reëlboek vir Boks van Engels na isiXhosa en projekte wat veeltaligheid bevorder wat tydens Jeug- en Erfenismaand gefasiliteer is. Verdere samewerking met PanSAT en die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) aan die Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT)-woordeboek was 'n belangrike prestasie, want dit het bewusmaking gekweek en maatskaplike insluiting van die dowe gemeenskap bevorder.

Sukses moet gevier word met erkenning aan lede van die WKTK en die Departement van Kultuur-sake en Sport (DKES) se Taaldienste-eenheid vir hul passiewolle insette tydens die vorige boekjaar en hul toewyding om te verseker dat die Komitee se 2023/24 JPP-teikens ook bereik sal word.



Genevieve Lentz
Voorsitter van die Wes-Kaapse Taalkomitee
Namens die Rekenpligtige Gesag
Maart 2023



AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie jaarlikse prestasieplan:

- deur die Wes-Kaapse Taalkomitee onder leiding van Minister Anroux Marais ontwikkel is;
- ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Taalkomitee verantwoordelik is;
- 'n akkurate weerspieëling is van die impak, uitkomst en uitsette wat die Wes-Kaapse Taalkomitee van voorneme is om in die tydperk 2023/24 te behaal.

Brenda Rutgers
Hoof- Finansiële Beampte

Genevieve Lentz
Voorsitter van die WKTK
Namens die Rekenpligtige Gesag

Guy Redman
Rekenpligtige Beampte by DKES

Goedgekeur deur:

Anroux Marais
Uitvoerende Gesag van die WKTK

AKRONIEME

AU	Afrika-unie
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
JBP	Jaarlikse Bedryfsplan
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MTSR	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NID	Nasionale Instituut vir Dowes
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
WBPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting
PSIP	Provinsiale Strategiese Implementeringsplan
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PTK	Provinsiale Taalkomitee van PanSAT
SSGV	Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
VIP	Visie-geïnspireerde Prioriteite
VOD	Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKTK	Wes-Kaapse Taalkomitee

1. BYWERKINGS VAN DIE TERSAAKLIKE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

1.1 Grondwetlike Mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	Die WKR moet by wyse van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Alle amptelike tale moet gelyke aansien geniet en moet billik behandel word. Die WKTK werk saam met PanSAT om die Khoi-, Nama- en San-tale, en SAGT, te bevorder en toestande te skep vir die ontwikkeling en gebruik daarvan. Die WKTK in samehang met DKES is daarvoor verantwoordelik om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, soos goedgekeur in 2005, te monitor en te evalueer en moet minstens een keer per jaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die WKTK staan onder toesig van DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKTK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en bevorder.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	Die WKTK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en inter-regeringsbetrekkinge	Die WKTK werk saam met alle regeringsfere in die uitvoering van sy mandaat.
Bylae 4: Funkionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Die WKTK werk saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en geassosieerde staatsliggame ten opsigte van taalbeleidsaangeleenthede en die regulering van amptelike tale in die mate dat die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement verleen.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	DKES-amptenare verantwoordelik vir die uitvoering van die mandaat van die WKTK moet die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulpbronne verseker. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste oplewer.
Grondwet van die Wes-Kaap, Wet 1 van 1998	
Artikel 5	Vir die doeleindes van die WKR, moet: <ul style="list-style-type: none"> (a) die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en (b) hierdie tale gelyke status geniet. Die WKTK moet die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa in die Wes-Kaap monitor. <p>Die WKTK moet ook praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status en gebruik van dié inheemse tale van die mense van Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.</p>

Artikel	Beskrywing
Artikel 81(d)	Die WKR moet beleide aanneem en uitvoer om die welsyn van die mense van die provinsie daadwerklik te bevorder en te handhaaf, insluitend beleide wat daarop gemik is om respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder.

1.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999	Wet 1 van 1999	Die WKTK dien kwartaallikse en jaarlikse verslae in oor sy prestasie en geouditeerde finansiële state op grond van die strategiese doelwitte vir elke boekjaar.
Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012	Wet 12 van 2012	Hierdie Wet is spesifiek van toepassing op nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings. Indien aspekte van die Wet 'n impak sou hê op taalbeleid en praktyk in die Wes-Kaap, sou die WKTK 'n mandaat hê om 'n rol te speel.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Die WKTK word deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad erken. Hierdie Wet vereis, onder andere, dat PanSAT 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie stig. 'n Wes-Kaapse PTK is in Augustus 2019 gestig.
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998	Die WKTK moet, onder andere: <ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die WKR monitor; • aanbevelings doen aan die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) en die Provinsiale Parlement oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek op taal in die Wes-Kaap betrekking het; • aktief die beginsel van veeltaligheid bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalsake in die provinsie adviseer; en • PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap adviseer.
Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014	Wet 8 van 2014	Wanneer die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad gevestig is, sal dit onder andere die mag hê om taalpraktisyns te registreer en te akkrediteer, om 'n gedragskode in plek te stel en om taalpraktyk te reguleer.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie wet gee uitvoering tot die reg op toegang tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en private liggame gehou word. Elke openbare liggaam moet, onder andere: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting wat deur daardie liggaam gehou word, aanhangig te maak; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om versoeke om toegang tot inligting wat deur die liggaam gehou word, te oorweeg.

Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	<p>Hierdie Wet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • sit die reëls en riglyne uiteen wat deur die administrateurs gevolg moet word wanneer besluite geneem word; • verwag van administrateurs om mense in te lig oor hul reg tot hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek; • verwag van administrateurs om redes vir hul besluite te verstrek; en • verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in 'n hof te beraagteken.
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (WBPI), 2013	Wet 4 van 2013	<p>Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word om sekere voorwaardes in te stel ten einde minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel. Die Wet maak ook voorsiening vir die instelling van 'n inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en sekere pligte en funksies uit te voer ingevolge hierdie Wet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting van 2000.</p> <p>Die Wet maak verder voorsiening vir die uitreiking van gedragskodes; vir die regte van persone rakende ongevraagde elektroniese kommunikasie en outomatiese besluitneming; om die vloeï van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek te reguleer; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.</p>
Wet op Tradisionele en Khoi-San-Leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	<p>Die Wet maak voorsiening vir:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die erkenning van tradisionele en Khoi-/San-gemeenskappe, leierskapsposisies en vir die terugtrekking van sulke erkenning; • die funksies en rolle van tradisionele en Khoi-/San-leiers; • die erkenning, vestiging, funksies, rolle en administrasie van koningskaps- of koninginskapsrade, die vernaamste tradisionele rade, Khoi-/San-rade en tradisionele subrade, asook die ondersteuning van hierdie rade; • die vestiging, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-/San-leiers; • vestiging van provinsiale huise van tradisionele en Khoi-/San-leiers; • die vestiging en samestelling van plaaslike huise van tradisionele en Khoi-/ San-leiers; • die vestiging en bedryf van die Kommissie oor Khoi-/San-aangeleenthede; • 'n gedragskode vir lede van die Nasionale Huis, provinsiale huise, plaaslike huise en alle tradisionele en Khoi-/San-rade; en • reguleringsbevoegdhede van die Minister en Premiers.

1.3 Beleidsmandate

INTERNASIONALE EN NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die doelwitte van die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling en sy 17 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD) het die relevante internasionale strategie van die Komitee bepaal. Die Afrika-unie (AU) se Agenda 2063-doelwitte, wat met die VOD belyn is, noem sewe strewes vir die vasteland, wat insluit, 'n geïntegreerde, welvarende, demokratiese, vreedsame en mensgedrewe Afrika, met 'n sterk kulturele identiteit en internasionale dinamiese krag. Taal as 'n instrument van kommunikasie en maatskaplike samehorigheid is 'n kritieke grondslag vir die bereiking van hierdie doelwitte.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030, wat belyn is met die AU Agenda 2063-doelwitte en die VOD, verskaf 'n beleidsraamwerk vir die uitwissing

van armoede en die vermindering van ongelykheid teen 2030. Die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019-2024 lei verder die implementering en monitering van die NOP en sluit die volgende sewe prioriteite in:

1. Ekonomiese transformasie en werkskepping;
2. Onderrig, vaardighede en gesondheid;
3. Konsolidasie van die maatskaplike loon deur betroubare en gehalte basiese dienste;
4. Ruimtelike Integrering, menslike nedersettings en plaaslike regering;
5. Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe;
6. 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelingstaat; en
7. 'n Beter Afrika en wêreld.

Die Komitee dra by tot die Nasionale Uitkomst van die MTSR soos volg:

MTSR-prioriteit	Bydrae deur die Komitee
Prioriteit 6: Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe	Om bewusmaking en die gebruik van die drie amptelike tale en Gebaretaal onder inwoners van die Wes-Kaap te verbeter, bevorder die Komitee maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe deur veeltaligheid, gemarginaliseerde inheemse tale en SAGT deur sy programme te ondersteun.
Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en wêreld	Die Komitee vier en bevorder belangrike geselekteerde nasionale en internasionale datums om maatskaplike insluiting te bevorder ter ondersteuning van streeks- en kontinentale integrasie.

KONTEKS VAN PROVINSIALE BELEID

Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019 – 2024 en Wes-Kaapse Herstelplan

Die PSP verskaf 'n strategiese raamwerk vir die provinsiale mediumtermyn begrotingsbeleids-prioriteite, wat op hul beurt belyn is met die NOP se strategiese uitkomst. Die Komitee se uitkomstaanwyser is gekoppel aan die WKR se PSP Visie-geïnspireerde Prioriteite (VIP), spesifiek in verband met VIP 1: Veilige en Samehorige Gemeenskappe en VIP 3: Die Bemagtiging van Mense. Hierdie VIP probeer om baie van die maatskaplike risiko-faktore te versag deur ekonomiese insluiting en bemagtiging deur onderwys, wat ook individuele, gesins- en

gemeenskapsveerkragtigheid teenoor geweld kan opbou.

Die Verklaring van 'n Nasionale Ramptoestand as gevolg van die Covid-19-pandemie het 'n heraanpassingstrategie vereis vir die ingrypings, programme en projekte van die PSP. Die uitdagings wat die grondslag van die PSP vorm het nie verander nie, maar die pandemie het die uitdagings waarmee die provinsie gekonfronteer word vererger, en nuwe probleme het kop uitgesteek. Terwyl die PSP die

leidende raamwerk bly, fokus die WKR se Herstelplan op werksgeleenthede, veiligheid en welstand. Veiligheid en welstand is veral relevant tot die werk van die Komitee.

Met die oog daarop om die tersaaklike VIP's en die WKR-herstelplan te bereik, sal die komitee sy toesighoudende rol van provinsiale regeringsdienste verrig om te verseker dat die Wes-Kaapse Taalbeleid nagekom word. Deur die bevordering van en bemagtiging deur moedertaalonderrig sal die komitee bydra tot geleenthede vir inwoners van die Wes-Kaap om hul lewens en ander se lewens te vorm, om 'n sinvolle en waardige lewensbestaan te verseker, wat op hul beurt maatskaplik samehorige gemeenskappe sal ontwikkel.

Deur samewerkende gemeenskapsgesprekke, veral tydens nasionale en internasionale taaldae van belang, ervaar inwoners 'n gevoel van aanvaarding

en betrek en deel hulle hul ervarings en belangprojekte wat sal help om empatie en ondersteuning onder verskillende gemeenskappe aan te wakker. Op sy beurt dra dit weer by tot die prioriteit van veiligheid, want inwoners wat gerespekteer word en menswaardig voel, is minder geneig om betrokke te raak by misdaad en geweld (Western Cape Recovery Plan; Maart 2021). Gekoppel aan die prioriteit van veiligheid, is die Komitee in 2022 genooi om beoordelaars te wees by die Funda Mzantsi-kampioenskappe, 'n program wat deur die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika en die Departement van Korrektiewe Dienste gefasiliteer word in erkenning van die rol wat lees in die rehabilitasie van oortreders speel. Hierdie program bevorder dus veeltaligheid en moedig oortreders aan om te lees, skryf en om die idees en gedagtes van ander te waardeer. Die Komitee het onderneem om aan toekomstige Funda Mzantsi-programme deel te neem.

2. OPDATERING VAN DIE INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË

Artikel 6 van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, soos vervat in die stigtingsbepalings, bepaal die betekenisvolle rol van taal vir ons land. Die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, sit verder die mandaat van die Komitee uiteen en die Wes-Kaapse Taalbeleid dien as 'n regulatoriese raamwerk vir die WKR rakende die toepassing van en gebruik van taal in die provinsie.

Taal bly 'n belangrike skakel wat ons nasie sal bind terwyl ons herstel en herbou ná die vernietigende effek van die Covid-19-pandemie. Die verwesenliking van die PSP en Herstelplan sal afhang van taal, wat 'n deurslaggewende deel van menslike verbinding en die bou van gemeenskappe is. Die diversiteit van ons kulture en die kennis van ons onderskeie

gemeenskappe is ingebou in taal, en as sulks is dit kritiek vir die oordrag van kulture en waardes van een generasie na die volgende. Alhoewel dit as 'n mensereg in die Grondwet verskans is en deur nasionale en provinsiale wetgewing beskerm word, is voortdurende bewusmaking asook die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid belangrik.

Die WKTK is op 1 Junie 2001 ingevolge die WOFB as 'n Skedule 3, deel C provinsiale openbare entiteit gelys. Die Komitee is onder die strategiese bestuur van die Minister as die Uitvoerende Gesag en lewer terugvoer via die Hoof van DKES. Die prestasie van die WKTK word deur DKES gemonitor.

3. TERSAAKLIKE HOFUITSPRAKE

Nie van toepassing.

VISIE

Die bemagtiging van alle mense van die Wes-Kaap deur taal, die bevordering van menswaardigheid deur wedersydse respek vir taal en die bevordering van veeltaligheid.

MISSIE

Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor; om die LUR belas met taalkwessies te adviseer; en om PanSAT oor taalkwessies in die provinsie of wat die provinsie raak te adviseer.

4. OPGEDATEERDE SITUASIE-ONTLEDING

As gevolg van globalisering moet openbare administrasie nuwe, innoverende geleenthede uitsoek om die komplekse kwessies wat dit in die gesig staar, op te los. Globalisering het die toenemende integrasie van maatskaplike, ekonomiese, politieke en tegnologiese stelsels veroorsaak. Belangrike strategieë in innovasie sluit in geïntegreerde stelsels, om burgers te betrek, die behoud van vennootskappe en die benutting van inligting en tegnologie.

kundigheid gesamentlik te benut deur 'n bestuurde netwerk-benadering, wat 'n groter impak op die implementering van die Komitee se kernprioriteite sal hê.

Volgens die laaste sensus wat deur Statistieke Suid-Afrika in 2011 uitgevoer is, is isiXhosa, wat deur 16% van die bevolking gepraat word, Suid-Afrika se tweede mees gesproke huistaal, met 24.7% van sprekers wat in die Wes-Kaap woon. Afrikaans is die huistaal van 13.5% van Suid-Afrikaners, met 49.7% van die sprekers wat in die Wes-Kaap woon. Minder as 10% van Suid-Afrikaners se moedertaal is Engels, maar dit is steeds die primêre kommunikasie-middel in die land. Kinders word in Engels onderrig en daar word van hulle verwag om uit handboeke te leer wat hoofsaaklik in Engels geskryf is. Die meerderheid van leerders wat 'n Afrikataal praat, skakel in Graad 4 oor na Engels as hul primêre leertaal. Die Komitee is daartoe verbind om inheemse moedertale te bevorder, want dit erken hoe belangrik dit is om die land se maatskaplike uitdagings aan te spreek, wat op sy beurt ons mense sal bemagtig en bydra tot die verbetering van die ekonomie. Die WKTK is daartoe verbind om met beleidmakers en entiteite in die taalgebied saam te werk om by te dra tot 'n eenvormige benadering tot hierdie fundamentele kwessie.

4.1 Eksterne omgewing**POLITIEKE FAKTORE**

Die Komitee sal voortgaan om nuwe beleide en planne te monitor wat deur die nasionale regering geïnisieer is om te verseker dat sy werk relevant bly en met nasionale programme belyn is.

EKONOMIESE FAKTORE

Die Verklaring van 'n Nasionale Ramptoestand as gevolg van Covid-19 het 'n geweldige impak op alle sektore van die ekonomie gehad en die bestaande werkloosheidskrisis vererger, wat bygedra het tot armoede en ongelykheid in die land. Die Komitee gaan nie die finansiering van sy programme aanpas nie, maar in 'n poging om die finansiële impak te versag, sal die WKTK voortgaan om te fokus op die versterking van samewerking met relevante entiteite met soortgelyke mandate, met die oog op die bevordering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.

SOSIALE FAKTORE

Die Komitee het 'n samewerkende benadering met PanSAT se Wes-Kaapse Provinsiale Taalkomitee, DKES en ander organisasies ingeneem om hulpbronne en

TEGNOLOGIESE FAKTORE

Die Covid-19-pandemie het nuwe maniere bekendgestel om die Komitee se werk te operasionaliseer. Die Komitee het oorgeskakel na die gebruik van aanlyn, samewerkende platforms om te verseker dat sy mandaat steeds uitgevoer word. Die Komitee het egter onderneem om persoonlike

vergaderings te hervat ná die opheffing van die Verklaring van 'n Ramptoestand wat uit die Covid-19-pandemie gespruit het, omdat die Komitee slegs 6 keer 'n jaar vergader. Beplanningsvergaderings tussen personeel, lede en rolspelers sal steeds, waar nodig, via MS Teams gehou word.

WETLIKE EN REGULATORIESE OMGEWING

Die WBPI (POPIA) van 2013 het op 1 Julie 2021 in werking getree en het die Komitee genoodsaak om te verseker dat die insameling en beskerming van burgers se persoonlike inligting tydens Komiteeprogramme met die beginsels van die Wet belyn was.

OMGEWINGSFAKTORE

Droogte, watertekorte en hittegolwe weens klimaatsverandering mag dalk 'n negatiewe impak gehad het op die bywoning van die Komitee se gemeenskapsprogramme.

4.2 Interne omgewing

Profiel van menslike hulpbronne

Die Wes-Kaapse Taalkomitee is ingevolge artikel 6 van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, nr. 13 van 1998, gestig. Kragtens die Wet word lede van die Komitee vir 'n termyn van drie jaar aangestel. 'n Maksimum van 11 lede mag in die Komitee aangestel word. Komiteeledes word deur 'n proses van openbare nominasie en die opstelling van 'n kortlys aangestel. Hierdie proses


word deur die toepaslike Komitee in die Wetgewer gefasiliteer, gevolg deur aanstelling deur die LUR. Die huidige Komitee het tien lede wat op 1 Februarie 2022 aangestel is.

Die Komitee is die Rekenpligtige Gesag vir die entiteit en is verantwoordelik vir alle bestuursverwante kwessies, in terme van Artikels 49 tot 57 van die WOFB. 'n Besluit is op 10 Februarie 2022 geneem dat die Voorster, in terme van Artikel 56 van die WOFB, namens die openbare entiteit die pligte van die Rekenpligtige Gesag sal uitvoer.

Ingevolge Artikel 17 van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, nr. 13 van 1998, verleen amptenare in die Taaldienste-eenheid van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport administratiewe ondersteuning aan die Komitee. Die administratiewe werk sluit in inhouds- en prosedurele ondersteuning en die bestuur van alle reëlins wat noodsaaklik is vir die doeltreffende funksionering van die Komitee. Finansiële ondersteuningsfunksies word deur personeel in DKES se Finansiëseenheid uitgevoer.

Alle administrasieverwante dokumente van die WKTK word by die Taaldienseenheid gehou en dokumente wat verband hou met finansies word by die Finansiëskomponent bewaar. Dokumente word aanlyn in die Ondernemingsinhoudbestuur-stelsel (OIB) gestoor vir veilige bewaring, maklike terugsporing en institusionele geheue.

Die organisatoriese omgewing waarin die Komitee funksioneer word in die aangehegde organogram geïllustreer.



5. PRESTASIE-INLIGTING VAN DIE INSTITUSIONELE PROGRAM

Program: Wes-Kaapse Taalkomitee

Doel: Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder.

5.1 Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	VIP-koppeling	Jaarteikens						
				Geouditeerde / Werklike Prestasie			Ge- raam- de Pre- stasie	MTUR- periode		
				2019/ 20	2020/ 21	2021/ 22	2022 /23	2023 /24	2024/ 25	2025/ 26
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Voltooiing van Taalbeleid-implementerings-opnames of bewusmakingsveldtogte of opvolgprojekte	Aantal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid bevorder het	1 en 3	1	2	2	1	1	1	1
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Voltooiing van projekte ter bevordering van inheemse tale	Aantal projekte wat inheemse tale bevorder	1 en 3	Nuwe teiken	1	2	1	1	1	1
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Formele verbintenisse tot die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid	Aantal formele verbintenisse om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer	1 en 3	9	6	6	6	6	6	6

5.2 Aanwysers, jaar- en kwartaalteikens: 2023/24

Uitset-aanwysers	Jaarteiken	K1	K2	K3	K4
1.1 Getal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid bevorder	1	-	1	-	-
1.2 Aantal projekte wat inheemse tale bevorder	1	-	-	1	-
1.3 Getal formele gesprekvoerings om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer	6	1	2	2	1

6. VERDUIDELIKING VAN BEPLANDE PRESTASIE OOR DIE MEDIUMTERMYNTYDPERK

Die Komitee se jaarplan fokus in ooreenstemming met die Komitee se vyf-jaar strategiese plan 2020/25 daarop om by te dra tot die bogenoemde doelwitte deur spesifieke klem te lê op die volgende:

- a) Die viering en bevordering van belangrike geselekteerde nasionale en internasionale taaldatums.
- b) Die bevordering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.

Dit sluit in programme wat die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Engels, Afrikaans en isiXhosa, bevorder; bewusmaking skep oor die behoeftes van dowes; die status verhoog en die gebruik bevorder van daardie inheemse tale van historiese verminderde status wat deur mense van die Wes-Kaap gebruik word; die bevordering van veeltaligheid; en om maatskaplike samehorigheid te verseker deur taaldiversiteit te bevorder.

Die Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening (SSGV) het ses gevallestudies regoor Suid-Afrika gedoen en gevind dat projekte wat met groter gemeenskapsdeelname beplan is, waarskynlik meer effektief sou wees in die bevordering van maatskaplike samehorigheid (Wes-Kaapse Regering Provinsiale Strategiese Plan 2019 – 2024). Met die oog daarop sal die WKTK vieringe van internasionale en nasionale taaldae fasiliteer. Deur middel van hierdie soort inisiatiewe sal die WKTK burgers betrek en moedertaal-taalgebruik bepleit, wat hulle in staat stel om deel te neem en hulself te bemagtig en dit sal maatskaplike samehorigheid bevorder en 'n gevoel van samehorigheid en identiteit skep. Dit sal bydra tot die uitkomst van die Wes-Kaapse Provinsiale Strategiese Plan 2019 tot 2024.

Die konsep- Agtiende Grondwetlike Wysigingswetsontwerp (B1 - 2023) is in die parlement ter tafel gelê. Die wetsontwerp wysig Artikel 6(1) van die Grondwet van Suid-Afrika van 1996 en sal toelaat dat SAGT as die 12de amptelike taal van die land erken word. Dit sal standaard voorwaardes skep vir

die bevordering van SAGT en bewusmaking oor die behoeftes van dowes vergroot. Dié mylpaal-besluit sal belyn met die Komitee se aktiewe bevordering van SAGT en die behoeftes van dowes in bestaande programme.

Die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies het 2022 tot 2032 as die 'Internasionale Dekade van Inheemse Tale' verklaar, en die kollig geplaas op die kritieke omstandighede waarin baie inheemse tale hulself bevind en om rolspelers en hulpbronne byeen te bring vir die tale se bevordering, bewaring en herlewing. Die Komitee se programme sal die bevordering van voorheen gemarginaliseerde tale in die provinsie insluit.

Die Komitee sal voortgaan om te fokus op inisiatiewe om die tale van die San en Khoi te bevorder. Daar is min sprekers in die land wat hierdie tale kan praat, en dus moet innoverende geleenthede aangegryp word om hierdie tale te bevorder. In Khoekhoegowab (uitgespreek: Kwe kwe gohva) is daar 'n spreekwoord wat lui '[Gui gowa-l ge tatse tãusa tama hã]' ('n enkele taal is nooit genoeg nie).

Verdere geleenthede sal uitgesoek word om Kaaps te bevorder, wat wyd in die Wes-Kaap gelees, geskryf en gepraat word. Kaaps het gedurende die 1500s in Suidelike Afrika ontstaan, maar bly steeds een van die mees gemarginaliseerde tale in die provinsie.

In vorige jare was noemenswaardige vennootskappe met verskeie taalorganisasies om nasionale en internasionale dae van belang te vier van waarde, wat meer doeltreffende, samehorige en volhoubare beplanning en bekendstelling van programme toegelaat het. In Junie 2022, byvoorbeeld, het die Komitee saamgewerk met DKES en die Iziko Museums van Suid-Afrika om Jeugdag te vier. Die tema was 'Bevorder 'n volhoubare lewensbestaan en veerkragtigheid van jongmense vir 'n beter môre'. Gesprekke het gefokus op moedertale, onderwys, werkskepping, entrepreneurskap, die bestryding van misdaad en dwelmmisbruik en die uitwissing van geslagsgeweld. Deur hierdie tipe gesprekke het

verskillende gemeenskappe gemene grond deur gedeelde ervarings gevind, wat tot maatskaplike samehorigheid gelei het.

Ter viering van Dowe Bewusmakingsmaand in September 2022, het die Komitee met DKES, die Iziko Museums van Suid-Afrika, NID en PanSAT saamgewerk om die eerste tweetalige SAGT-woordeboek, wat deur die NID ontwikkel is, bekend te stel. Die vorige Komitee het ook met die Inheemse Taal-aksieforum, die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, die SupuSupu Khoi-taalprojek, die Swahili-taalraad en die Universiteit van Wes-Kaapland

saamgewerk. Deur hierdie tipe geleenthede word die gesamentlike bevordering van die amptelike tale van die provinsie, SAGT en gemarginaliseerde inheemse tale soos Khoekhoegowab en Kaaps prominent vertoon.

Soos die geval was in vorige jare sal die Komitee gereeld sy bydrae tot die DKES-mandaat assessee tydens vergaderings wat dit gereël het. Gesprekke sal draai om die uitsette van vorige projekte en die evaluering van toekomstige projekte soos wat hulle op die Komitee en Departement se mandaat betrekking het.

7. PROGRAM SE HULPBRONORWEGINGS

Die rekonsiliase van prestasie-teikens met die begroting en MTUR: Beraming van besteding

Wes-Kaapse Taalkomitee

Program	Geouditeerde uitkoms			Uitgawe-beraming	Mediumtermyn uitgaweberaming		
	2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
R duisend							
Wes-Kaapse Taalkomitee	915	649	184	305	321	328	354
Subtotaal	915	649	184	305	321	328	354
Direkte heffings teen die Nasionale Inkomstefonds	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	915	649	184	305	321	328	354

Ekonomiese klassifikasie

	915	649	184	305	321	328	354
Lopende betalings							
Vergoeding van werknemers							
Goedere en dienste waarvan:							
Kommunikasie				6	4	4	4
Rekenaardienste	20	22	24	25	27	28	29
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	103	34	39	88	114	110	127
Inventaris							
Instandhouding, herstelwerk en lopende koste							
Bedryfshuurkontrakte							
Reis en verblyf	10	-	14	66	35	37	38
Ouditfooie	91	65	59	59	60	64	67
Advertensies							
* Ander	691	528	48	61	81	85	89
Rente en huur op grond							
Finansiële transaksies in bates en laste							
Oordragte en subsidies aan:	-	-	-	-	-	-	-
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en Tegniiese universiteite							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instellings sonder winsbejag							
Huishoudings							
Betalings vir kapitaalbate	-	-	-	-	-	-	-
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates waarvan:							
Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	915	649	184	305	321	328	354

*Sluit vergaderingstoelae vir die WKTK in

8. BYGEWERKTE HOOFRISIKO'S

Uitkoms	Hoofrisiko	Versagting van risiko's
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Onvoldoende hulpbronne om mandaat na te kom	Werk saam met entiteite met soortgelyke mandate, bv. PanSAT

9. OPENBARE ENTITEITE

Nie van toepassing

10. INFRASTRUKTUURPROJEKTE

Nie van toepassing

11. OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSKAPPE

Nie van toepassing

Aanwysernommer	1.1
Titel van aanwyser	Getal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid bevorder
Kort definisie	Monitering en bevordering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid
Doel	Om uitvoering te gee aan Artikels 6 en 9 van die Grondwet en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet
Hoofbegunstigdes	Gemeenskappe in die Wes-Kaap
Bron van data	Bron van data: Inligting wat deur departemente/Programme van geleenthede verskaf word Werklike datatabel wat gebruik word (indien stelsel/Excel): Geen
Databeperkings	Geen
Aannames	Samewerking met ander rolspelers in die taaldomein sal verseker dat daar 'n groter impak op die taal van uitkomst is
Wyse van bevestiging	Opnames/ verslae, bywoningsregisters en beeldmateriaal
Wyse van berekening	Telling
Berekeningstipe	Kumulatief <input type="checkbox"/> Jaareinde <input type="checkbox"/> Jaar tot op hede <input checked="" type="checkbox"/> Nie-Kumulatief
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks <input type="checkbox"/> Halfjaarlik <input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik <input type="checkbox"/> Tweejaarlik
Gewenste prestasie	<input type="checkbox"/> Oortref teiken <input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken <input type="checkbox"/> Teiken nie gehaal nie
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> Ja <input type="checkbox"/> Nee Indien ja , bevestig die prioriteitsgebied(e) wat die lewering(s) wat deur hierdie aanwyser gemeet word sal verbeter (veelvuldige keuses kan gemaak word): <input checked="" type="checkbox"/> Burgerlike behoefte <input type="checkbox"/> Betroubaarheid <input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit <input type="checkbox"/> Integriteit
	Is dit 'n Vraaggedrewe aanwyser? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
	Is dit 'n Gestandaardiseerde Aanwyser? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
Ruimtelike Ligging van Aanwyser	Aantal plekke: <input type="checkbox"/> Enkele plek <input checked="" type="checkbox"/> Veelvuldige plekke Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal <input checked="" type="checkbox"/> Distrik <input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk <input type="checkbox"/> Adres Besonderhede / Adres / Koördinate: <.....> Betreffende veelvuldige plekke vir aflewering , gaan hierdie in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) gedeel word? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
Aanwyserverantwoordelikheid	Verantwoordelikhedsbestuurder
Ruimtelike Transformasie	Ruimtelike transformasieprioriteite: N.v.t. Beskrywing van ruimtelike impak: N.v.t.
Uiteensitting van begunstigdes - Menseregtegroepe	Teiken vir vroue: N.v.t. Teiken vir die jeug: N.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: die dowe gemeenskap Teiken vir ouer persone: N.v.t. <input type="checkbox"/> "Geen van die bogenoemde"
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	<input type="checkbox"/> Werkseleenthede <input type="checkbox"/> Veiligheid <input checked="" type="checkbox"/> Welstand <input type="checkbox"/> Innowering, Kultuur en Bestuur <input type="checkbox"/> "Geen van die bogenoemde"

Ramptoestand	<input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee Indien Ja , verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp: <.....>
Implementeringsdata (Belangrike meetbare lewerings)	Ingevolge die JBP

Aanwysernommer	1.2
Titel van aanwyser	Getal projekte wat inheemse tale bevorder
Kort definisie	Bevordering van voorheen benadeelde tale in die provinsie
Doel	Om uitvoering te gee aan Artikels 6 en 9 van die Grondwet en die Wes-Kaapse Talewet deur te fokus op die bevordering en gebruik van inheemse tale van die Wes-Kaap
Hoofbegunstigdes	Gemeenskappe van die Wes-Kaap
Bron van data	Bron van data: Programme van geleenthede Werklike datatabel wat gebruik word (indien stelsel/Excel): Geen 'n Geleentheid in verband met die bron van die data sal gereël word.
Databeperkings	Bywoning kan nie gewaarborg word nie, aangesien dit per uitnodiging geskied en vrywillig is
Aannames	Samewerking met ander rolspelers in die taaldomein sal verseker dat daar 'n groter impak op die taal van uitkomst is
Wyse van bevestiging	Verslae, bywoningsregisters en beeldmateriaal
Wyse van berekening	Telling
Berekeningstipe	Kumulatief <input type="checkbox"/> Jaareinde <input type="checkbox"/> Jaar tot op hede <input checked="" type="checkbox"/> Nie-Kumulatief
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks <input type="checkbox"/> Halfjaarlik <input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik <input type="checkbox"/> Tweejaarlik
Gewenste prestasie	<input type="checkbox"/> Oortref teiken <input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken <input type="checkbox"/> Teiken nie gehaal nie
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> Ja <input type="checkbox"/> Nee Indien ja , bevestig die prioriteitsgebied(e) wat die lewering(s) wat deur hierdie aanwyser gemeet word sal verbeter (veelvuldige keuses kan gemaak word): <input checked="" type="checkbox"/> Burgerlike behoefte <input type="checkbox"/> Betroubaarheid <input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit <input type="checkbox"/> Integriteit
	Is dit 'n Vraaggedrewe aanwyser? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
	Is dit 'n Gestandaardiseerde Aanwyser? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
Ruimtelike Ligging van Aanwyser	Aantal plekke: <input type="checkbox"/> Enkele plek <input checked="" type="checkbox"/> Veelvuldige plekke Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal <input checked="" type="checkbox"/> Distrik <input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk <input type="checkbox"/> Adres Besonderhede / Adres / Koördinate: <.....> Betreffende veelvuldige plekke vir aflewering , gaan hierdie in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) gedeel word? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
Aanwyserverantwoordelikheid	Verantwoordelikhedsbestuurder
Ruimtelike Transformasie	Ruimtelike transformasieprioriteite: N.v.t. Beskrywing van ruimtelike impak: N.v.t.

Uiteensitting van begunstigdes - Menseregtegroep	Teiken vir vroue: N.v.t. Teiken vir die jeug: N.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: N.v.t. Teiken vir ouer persone: N.v.t. <input type="checkbox"/> "Geen van die bogenoemde"
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	<input type="checkbox"/> Werksgelentheid <input type="checkbox"/> Veiligheid <input checked="" type="checkbox"/> Welstand <input type="checkbox"/> Innovering, Kultuur en Bestuur <input type="checkbox"/> "Geen van die bogenoemde"
Ramptoestand	<input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee Indien Ja , verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp: <.....>
Implementeringsdata (Belangrike meetbare lewerings)	Ingevolge die JBP

Aanwysernommer	1.3
Titel van aanwyser	Getal formele geleentheid om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer
Kort definisie	Komiteevergaderings gehou om die bevordering van voorheen benadeelde tale in die provinsie te bespreek
Doel	Vergaderings gehou om taalkwessies ingevolge die Wes-Kaapse Taalbeleid te identifiseer/ bespreek
Hoofbegunstigdes	Gemeenskappe in die Wes-Kaap
Bron van data	Bron van data: Bywoningsregisters en Notules van komiteevergaderings Werklike datatabel wat gebruik word (indien stelsel/Excel): Geen
Databeperkings	Gebrek aan 'n kworum by vergaderings
Aannames	Voldoende finansiële en menslike hulpbronne
Wyse van bevestiging	Bywoningsregisters en Notules van Komiteevergaderings
Wyse van berekening	Telling
Berekeningstipe	Kumulatief <input checked="" type="checkbox"/> Jaareinde <input type="checkbox"/> Jaar tot op hede <input type="checkbox"/> Nie-Kumulatief
Verslagsiklus	<input checked="" type="checkbox"/> Kwartaalliks <input type="checkbox"/> Halfjaarlik <input type="checkbox"/> Jaarlik <input type="checkbox"/> Tweejaarlik
Gewenste prestasie	<input type="checkbox"/> Oortref teiken <input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken <input type="checkbox"/> Teiken nie gehaal nie
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> Ja <input type="checkbox"/> Nee Indien ja , bevestig die prioriteitsgebied(e) wat die lewering(s) wat deur hierdie aanwyser gemeet word sal verbeter (veelvuldige keuses kan gemaak word):: <input checked="" type="checkbox"/> Burgerlike behoefte <input type="checkbox"/> Betroubaarheid <input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit <input type="checkbox"/> Integriteit
	Is dit 'n Vraaggedrewe aanwyser? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee
	Is dit 'n Gestandaardiseerde Aanwyser? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee

Ruimtelike Ligging van Aanwyser	<p>Aantal plekke: <input type="checkbox"/> Enkele plek <input checked="" type="checkbox"/> Veelvuldige plekke</p> <p>Omvang:</p> <p><input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal <input checked="" type="checkbox"/> Distrik <input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk <input type="checkbox"/> Adres</p> <p>Besonderhede / Adres / Koördinate: <.....></p> <p>Betreffende veelvuldige plekke vir aflewering, gaan hierdie in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) gedeel word?</p> <p><input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee</p>
Aanwyserverantwoordelikheid	Verantwoordelikhedsbestuurder
Ruimtelike Transformasie	<p>Ruimtelike transformasieprioriteite: N.v.t.</p> <p>Beskrywing van ruimtelike impak: N.v.t.</p>
Uiteensitting van begunstigdes - Menseregtegroepe	<p>Teiken vir vroue: N.v.t.</p> <p>Teiken vir die jeug: N.v.t.</p> <p>Teiken vir mense met gestremdhede: Bywoning en deelname van 'n dowe lid indien daar een in die komitee is</p> <p>Teiken vir ouer persone: N.v.t.</p> <p><input type="checkbox"/> "Geen van die bogenoemde"</p>
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	<p><input type="checkbox"/> Werkseleenthede <input type="checkbox"/> Veiligheid <input checked="" type="checkbox"/> Welstand <input type="checkbox"/> Innowering, Kultuur en Bestuur</p> <p><input type="checkbox"/> "Geen van die bogenoemde"</p>
Ramptoestand	<p><input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee</p> <p>Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp: <.....></p>
Implementeringsdata (Belangrike meetbare lewerings)	Ingevolge die JBP

BYLAE A: WYSIGINGS AAN DIE STRATEGIESE PLAN

Nie van toepassing

BYLAE B: VOORWAARDELIKE TOELAES

Nie van toepassing

BYLAE C: GEKONSOLIDEERDE AANWYSERS

Nie van toepassing



Western Cape
Government



Western Cape Language Committee
Wes-Kaapse Taalkomitee
IKomiti yeeLwimi yeNtshona Koloni

Cultural Affairs and Sport

Annual Performance Plan 2023/2024



CONTENTS

EXECUTIVE AUTHORITY STATEMENT 52

ACCOUNTING AUTHORITY STATEMENT 52

OFFICIAL SIGN-OFF 53

ACRONYMS 54

PART A: OUR MANDATE 55

1. UPDATES TO THE RELEVANT LEGISLATIVE AND POLICY MANDATES..... 55

1.1 Constitutional mandates..... 55

1.2 Legislative mandates 56

1.3 Policy mandates 58

2. UPDATES TO INSTITUTIONAL POLICIES AND STRATEGIES..... 59

3. UPDATES TO RELEVANT COURT RULINGS 59

PART B: OUR STRATEGIC FOCUS 60

4. UPDATED SITUATIONAL ANALYSIS..... 60

4.1. External environment analysis..... 60

4.2. Internal environment..... 61

PART C: MEASURING OUR PERFORMANCE 63

5. INSTITUTIONAL PROGRAMME PERFORMANCE INFORMATION..... 63

5.1. Outcomes, outputs, performance indicators and targets 63

5.2. Indicators, Annual and Quarterly Targets 2023/24 63

6. EXPLANATION OF PLANNED PERFORMANCE OVER THE MEDIUM-TERM PERIOD 64

7. PROGRAMME RESOURCE CONSIDERATIONS 66

8. UPDATED KEY RISKS 67

9. PUBLIC ENTITIES..... 67

10. INFRASTRUCTURE PROJECTS 67

11. PUBLIC PRIVATE PARTNERSHIPS..... 67

PART D: TECHNICAL INDICATOR DESCRIPTIONS..... 68

EXECUTIVE AUTHORITY STATEMENT

The Western Cape Language Committee (WCLC) has continued to play a crucial role in ensuring that the Western Cape province is one that creates inclusivity through language usage and that multilingualism is constantly promoted. As part of the economic recovery and growth in the province, the work of the WCLC is instrumental in ensuring that we achieve this aim of inclusion through multilingualism.

The WCLC has worked diligently in advising the Ministry on language matters in the province. As language is an integral part of identity and culture, the Committee's inputs are held in high regard as it serves to create greater opportunities for social inclusivity as well as to increase access to services rendered by the Western Cape Government (WCG). This Annual Performance Plan (APP) is directed to give effect to the Western Cape Provincial Languages Act, 13 of 1998, and the Western Cape Language Policy. It also details the measures put in place to achieve the WCLC's strategic objectives and vision, to further empower all those who call the Western Cape home through language, to enhance human dignity through mutual respect and promoting linguistic democracy.

